

# Wat gebeur met die mens na die dood?

## Wat is die dood?



Die dood is nie regtig 'n baie mooi woord nie, wat nog om met mense daarvoor te praat? Dit is omring deur 'n groot geheim. Vir baie mense is dit 'n groot vraagteken.

Ek wil graag in hierdie artikel bespreek wat die Bybel, die mees gewilde boek in die wêreld, oor die dood sê. Dit is 'n boek wat hoop bring in ons lewe, verduidelik vir ons wie ons is, waarom ons in hierdie wêreld is waarin ons is en waar ons gaan na die dood. Dit is 'n boek waarvoor ons voorouers wat in die besit daarvan was gestraf en gemartel is en hul kerke afgebrand was.

Hierdie boek is die Bybel. In die Bybel vind jy die ware antwoorde op alle vrae in jou lewe.

In die Bybel lees ons op baie plekke, wat gebeur met die mens na sy dood. Ek kan jou verseker dat die dood is niks nie. Die man wat sterf, weet niks, niks maak hom seer of pla hom nie. Gaan ons hemel of hel toe?; slaap ons tot die tweede koms van onse Here Jesus Christus?

## Wat is die mens?

### **Genesis 2:7**

<sup>7</sup> Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

Die voorafgaande vers verduidelik hoe ons as mens tot stand gekom het en waaruit ons saam gestel is. Baie kort gestel, duidelik en sonder twyfel.

## Wat is die dood?

### **1 Korintiërs 15:44 - 57**

<sup>44</sup> 'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Aangesien daar 'n natuurlike liggaam is, is daar ook 'n geestelike liggaam.

<sup>45</sup> So staan daar ook geskrywe: «Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword.» Die laaste Adam het die lewendmakende Gees geword.

<sup>46</sup> Die geestelike kom nie eerste nie maar die natuurlike, en daarna die geestelike.

<sup>47</sup> Die eerste mens is uit die aarde en is stoflik; die tweede mens is uit die hemel.

<sup>48</sup> Soos die stoflike mens was, so is ook die stoflike mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.

<sup>49</sup> Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die hemelse wees.

<sup>50</sup> Wat ek bedoel, broers, is dit: vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie.

<sup>51</sup> Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word.

<sup>52</sup> By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word.

<sup>53</sup> Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike beklee word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike.

<sup>54</sup> En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike beklee is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: «Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.»

<sup>55</sup> «Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?»

<sup>56</sup> Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God.

<sup>57</sup> Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.

Die mens is 'n kombinasie van die liggaam (stof, natuurlike liggaam, verganklike) en die "asem van die lewe" (gees, geestelike liggaam, onverganklike), wat beteken 'n "lewende siel" (lewende wese). As die mens dood gaan keer die liggaam terug na die land van waar dit geneem is en "die asem van die lewe" (gees) terug na God wat dit gegee het. Die "siel" - 'n mens - bestaan nie meer nie. Dit is wat die dood is. Niks!

Kyk na die volgende verse uit die Bybel wat sê die dood is niks nie.

**Prediker 12:7 - 8**

<sup>7</sup> die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

<sup>8</sup> Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.

**Prediker 9:5 - 6**

<sup>5</sup> Dié wat lewe, weet hulle sal doodgaan, maar die dooies weet niks; daar wag vir hulle niks meer nie, hulle is vergeet;

<sup>6</sup> dit is klaar met hulle liefde, hulle haat en hulle hartstog. Hulle sal nooit weer deel hê aan wat in hierdie wêreld gebeur nie.

**Job 7:8 - 10**

<sup>8</sup> Die oë wat my nou sien, sal my nie weer sien nie: U sal nog so na my kyk, dan is ek nie meer daar nie.

<sup>9</sup> Soos 'n wolk weggaan en verdwyn, so gaan 'n mens dood en kom nie terug nie,

<sup>10</sup> hy kom nooit terug na sy huis toe nie, en sy plek is vir altyd leeg.

**Job 16:22**

<sup>22</sup> want my jare is min en gaan verby, en ek gaan na die plek toe waarvandaan niemand terugkom nie.»

**Psalm 104:28 - 30**

<sup>28</sup> U gee, en hulle eet, U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg.

<sup>29</sup> Maar as U U terugtrek, is dit klaar met hulle, as U hulle asem wegneem, is hulle dood en word hulle weer stof.

<sup>30</sup> U gee die lewensasem en daar is lewe; ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit.

**Psalm 115:16 - 18**

<sup>16</sup> Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mense gegee.

<sup>17</sup> Nie die dooies prys die Here nie, nie dié wat die graf in is nie,

<sup>18</sup> maar óns, ons prys die Here, nou en vir altyd! Prys die Here!

**Hebreërs 9,27 - 28**

<sup>27</sup> 'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel.

<sup>28</sup> So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.

**Slotsom**

Na die dood is nie geen lewe, geen fisiese of geestelike. As 'n mens dood is weet en ervaar hy niks nie. Die siel (mens) bestaan nie meer nie.

C. Du Plessis